Ambagsvrou met boormasjien en huisman

Wespes kan ons dames laat DROOM: dis die klein middeltjie (Taille) en die laaang agter-bene. Af en toe sou ons seker ook 'n angel wou dra om mee seer te kan steek ☺

Hierdie wespes behoort aan die familie Gasteruptiidae, die "smalbuik- of jigwespes" (Schmalbauch- oder Gichtwespen).....jigwespes weens die verdikte bene.
Die mannetjie lyk soos 'n vaal maer wespe, die wyfie netso, maar dra agter haar boorgereedskap in 'n soort koker. Die "koker" is tweedelig, die inhoud, naamlik die boor, is 'n vierdelige "hoëspoed-stamperboor", wat deur plantvesel gedryf word om dan die eiertjie daar af te le.
Die "angel" is nie giftig nie, hierdie wespe gebruik dit nie as wapen nie.

manlike Wespe

vroulike wespe met boortoerusting

Hierdie wespes is parasieties van aard, want hulle plaas hulle eiertjies in die nessies van bye of ander wespes, wat NIE in groepe lewe nie (solitary bees and wasps), veral spesies wat in hout nesmaak, soos houtbye. As die larwetjie dan uitkom, begin dit die bye-eiers, -larwes en die kos wat vir hulle daar in die nesholte is op te vreet. Dan word dit papie en kom na 'n tyd as jong geslagsryp wespe uit.

Aangesien hulle "eetgereedskap" redelik eenvoudig is, soek hulle blomme met nektaar war maklik bereikbaar is. Hier op die foto sit hulle op blomme van Cyphostemma (kobas, kowas, botterboom) .

Inligtingsbronne: Field Guide to Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan weaving)
Frank Koch (Entomoloog)
Teks en fotos: Anka Eichhoff

Oktober 2015